
# Verhale van Afrika

## Hoekom die Wolke Bo-op die Heuwel Sit

Baie, baie jare gelede toe die Aarde nog jonk en vars was, was daar ‘n ou gogo wat die beste sop by die mark verkoop het. Almal was lief vir haar sop. Dit was so lekker dat die wilde diere van ver en wyd  gekom het om haar heerlike sop te geniet. Niemand het geweet wat die ou gogo se naam was, of waar sy gewoon het nie, maar die diere het nie omgegee nie. Al waaraan hulle kon dink was die heerlike sop.

Die gogo het elke dag haar pragtige kleipot, vol warm, smaaklike sop op haar kop mark toe gedra. Die diere het elke dag haastig mark toe gegaan, ‘n bakkie van die gogo se sop gekoop en dit gulsig opgeëet, terwyl dit nog warm was. Dit het nie lank geneem vir die gogo se sop om op ‘n daaglikse basis verkoop te word nie en sy sou haar pragtige kleipot optel, dit op haar kop sit en die mark verlaat.

‘n Nuuskierige apie het naby die mark gewoon. Haar naam was Kensani. Sy was lief vir die sop wat die gogo elke dag na die mark gebring het en sy was dikwels die gogo se eerste kliënt vir ‘n bakkie van die heerlike, warm sop.





Kensani het die gogo op 'n dag dopgehou toe sy oppad mark toe was. "Ek wonder waar daardie gogo vandaan kom", dink sy by haarself. "As ek geweet het waar die sop vandaan kom, kan ek vir myself gaan kry net wanneer ek wil!"

Kensani het die gogo heeldag dopgehou. Nadat haar sop uitverkoop was, sy haar pragtige kleipot opgetel het en op haar kop gesit het om die mark te verlaat, het Kensani besluit om haar te volg. Die gogo het vir 'n baie lang tyd gestap. Sy het teen 'n steil heuwel op geloop en deur 'n dik oerwoud gegaan en Kensani het die heeltyd effens agter haar gebly. Dit het gou donker begin raak en Kensani was bang, maar die gedagte van die gogo se heerlike warm sop het haar dapper laat voel en sy het aangehou.

Die gogo het uiteindelik by 'n klein modderhut bo-op 'n hoë heuwel gekom. Kensani het tot by die ingang van die hut gekruip en ingeloer. Daar in die middel van die vloer, het 'n groot, swart potjie gestaan. "Sjoe!" fluister Kensani aan haarself. "Daardie potjie is groter as ek!" Sy het toegekyk hoe die gogo die hut verlaat om na die rivier te gaan om water te gaan haal. "Ek is so moeg en honger na daardie lang reis. Ek sal vinnig 'n bietjie van die gogo se heerlike warm sop steel voor sy terugkom." Kensani het vinnig nader gehardloop en op haar agterpote gestaan, sodat sy binne-in die potjie kon sien. Maar toe sy in die potjie in kyk, was dit leeg! Kensani kon nie haar slegte geluk glo nie! Sy het so ver gekom en was so moeg en honger.





visit twinkl.co.za

Skielik het die gogo teruggekeer van die rivier en Kensani moes vinnig wegkruip. Die gogo gaan sit toe langs die groot, swart potjie en begin saggies te sing:

"Tower potjie, tower potjie,

Maak warm sop vir my, maak warm sop vir my.

Heerlike sop vir my om te verkoop, heerlike sop vir my om te verkoop,

Vir die diere om te koop, vir die diere om te koop.

Tower potjie, tower potjie,"



Stoom het uit die potjie begin kom en die reuk van heerlike sop het gou die vertrek gevul. Kensani se maag het begin grom, sy was so honger! Die kamer was gou vol stoom wat uit die oop deur in die nag ontsnap het. Die gogo het opgestaan en haar bene gestrek. Sy het uit die hut geloop om haar pragtige kleipot te gaan haal waarin sy haar sop sou sit. Net toe sy buite sig was het Kensani na die potjie toe gehardloop, maar toe sy onder die potjie kyk, was daar geen vuur nie! "Dit is onmoontlik," het sy vir haarself gesê. "Hoe kan daar sop sonder vuur wees?" Sy strek haarself teen die potjie op om in te kyk en verseker was dit vol heerlike, warm sop! "Ek sal net 'n bietjie proe," sê Kensani, terwyl sy in die potjie met 'n lepel reik.



Net toe sy die lepel vol heerlike, warm sop, nader bring, stap die gogo in die hut in en sien hoe Kensani haarself aan die sop help. "Oe, oe, oe!" skree sy. "Jou stoute klein apie!" Kensani hol vir die deur en hardloop so vinnig soos wat haar beentjies haar kon hou. Sy hardloop en hardloop, totdat sy uiteindelik haar huis bereik. "Ma, Pa!" skree sy. Net toe haar ouers uitkom, spring sy in haar ma se arms in.



visit twinkl.co.za

Sy vertel toe haar ouers die hele storie: alles oor die gogo, alles oor die sop en alles oor die towerpotjie. Hulle almal kyk toe in die rigting van die heuwel waar hulle steeds kon sien hoe die stoom wolke bo-op die heuwel vorm. "Ja, ons sien die stoom van die towerpotjie," sê hulle.

Van daardie dag af het die gogo nooit weer terug na die mark gekeer nie. Die diere het almal die storie van die towerpotjie aan mekaar gefluister en hulle was almal vreesbevange oor die krag van die potjie wat sonder vuur kon kook. Almal was te bang om bo na die heuwel te gaan, maar elke keer as die wolke aan die bo-kant van die heuwel gevorm het, het die diere gesê: "Kyk! Daar is die stoom van die towerpotjie."

